# SORGSAAMHEIDSPLIG VAN TRUSTEES MET BETREKKING TOT TRUSTBELEGGINGS: 'N REGSVERGELYKING TUSSEN DIE SUID-AFRIKAANSE- EN ENGELSE REG

'n Skripsie ingehandig ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Legum* in Boedelreg aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus)

deur

**LE Balden**

**12071455**

VAKKE SLAAG VIR GRAAD:

LLMB 874 *(Skryf November 2004 eksamen in vak)*

LLMB 875 *(Skryf November 2004 eksamen in vak)*

LLMB 876 *((Skryf November 2004 eksamen in vak)*

LLMB 877

LLMB 878

Studieleier: **Prof C Rautenbach**

November 2004

**INHOUDSOPGAWE**


1 Inleiding..... 1

2 Regsposisie van die trustee in die Suid-Afrikaanse reg
2.1 Algemene ontwikkeling van die trustee se verpligtinge..... 4
2.2 Konserwatiewe benadering tot trustbeleggings..... 8
2.3 Verandering in die konserwatiewe benadering..... 10
2.4 Beleggingsbevoegdheid van die trustee..... 14
2.5 Finansiële instellings as trustees..... 20

3 Regsposisie van die trustee in die Engelse reg
3.1 Inleiding..... 23
3.2 Wyer beleggingsbevoegdhede van trustees..... 24
3.3 Sorgsaamheidsplig van die trustee..... 29
3.4 Gevolgtrekking..... 30

4 Regsvergelyking tussen die Engelse- en Suid-Afrikaanse reg
4.1 Sorgsaamheidsplig van trustees..... 31
4.1.1 Engelse posisie..... 31
4.1.2 Suid-Afrikaanse posisie..... 33
4.1.3 Bevinding..... 34

4.2 Nuwe "wyer" beleggingsbevoegdhede..... 34
4.2.1 Engelse posisie..... 34
4.2.2 Suid-Afrikaanse posisie..... 35
4.2.3 Bevinding..... 36

4.3 Magtiging van 'n trustee en die verskaffing van sekuriteit.... 36
4.3.1 Engelse posisie..... 36
4.3.2 Suid-Afrikaanse posisie..... 37
4.3.3 Bevinding..... 37

4.4 Afsondering van trustbates ..... 37
4.4.1 Agtergrond ..... 37
4.4.2 Engelse posisie ..... 38
4.4.3 Suid-Afrikaanse posisie ..... 39
4.4.4 Bevinding ..... 40

4.5 Nuwe magte van delegasie ..... 40
4.5.1 Engelse posisie ..... 40
4.5.2 Suid-Afrikaanse posisie ..... 41
4.5.3 Bevinding ..... 41

5 Gevolgtrekking en aanbevelings ..... 42

6 Bibliografie ..... 44

HOOFSTUK 1

## Inleiding

Die trust is 'n bekende regsfiguur in die Engelse en Suid-Afrikaanse reg. Dit speel 'n belangrike rol op kommersiële en finansiële vlak en is 'n belangrike instrument wat vir boedelbeplanning aangewend word.

Die trust word gedefinieer as 'n regsinstelling waarin 'n persoon, die trustee, onderworpe aan publieke toesighouding, die trustbates hou of administreer afsonderlik van sy eie bates, tot die voordeel van 'n ander persoon of persone, naamlik die begunstigde(s), vir die bevordering van 'n liefdadigheids – of enige ander doel.[1] Die trust stel dus 'n besondere verhouding daar, met die gevolg dat die term "trustee" met tye gebruik word om 'n persoon te beskryf wat bemoeid is met die sake van 'n ander, soos 'n voog, kurator, eksekuteur of agent.[2]

Alhoewel die trust onbekend in die Romeins-Hollandse Reg was, het dit deur algemene gebruik na die Britse besetting in 1806 ontwikkel en versprei in Suid-Afrika.[3]

Alhoewel aanvanklik 'n skepping van die Engelse reg, het die trustfiguur tot iets unieks ontwikkel in die moderne Suid-Afrikaanse reg. Die Engelse trustidee is

---

1 Cameron *Honoré's* 1.

2 Joubert *LAWSA* 298. *McCullogh v Fernwoord Estate* 1920 AD 204 209. In beginsel mag enige persoon, natuurlik of 'n regspersoon, as 'n trustee aangestel word. Pace *Trusts* 518.

3 Cameron *Honoré's* 2. Daar is volgens De Mink in *De Rebus* 19 talle voorbeelde van die benutting van trusts deur individue, maatskappye en liefdadigheidsorganisasies. Daar bestaan ook wette en hofbeslissings wat daarop dui dat die trust algemeen in gebruik was. Voorbeelde van sulke hofbeslissings is *Hiddingh v Denyssen* 1885 3 SC 424 441, *Black v Black's Executor* 1904 21 SC 555, *The Master v Edgecombe's Executors* 1910 TS 263, *Bradfield v Bradfield's Executors* 1914 CPD 147 en *Robertson v Robertson's Executors* 1914 AD 503. 'n Wet wat aandui dat die trust algemeen in gebruik was, is die *Wet op Beskerming van Trustfondse* 34 van 1934 waarin daar in a1 gepraat word van "the administration of any settled moneys".

deur die howe volgens Suid-Afrikaanse beginsels en reëls aangepas[4] sodat die moderne Suid-Afrikaanse trustreg vandag 'n mengsel van Engelse, Romeins-Hollandse en Suid-Afrikaanse beginsels is.[5] Die Suid-Afrikaanse regspraak en wetgewer onderskei die moderne Suid-Afrikaanse trustreg van die Engelse- en die Romeins-Hollandse trustreg en daardeur word die trust se unieke karakter beklemtoon.[6]

In Suid-Afrika het die trustreg grootliks ontwikkel in familiekonteks met die oogmerk om die trustbates[7] tot voordeel van die familielede van generasie tot generasie aan te wend. Die trustee se hoofdoel is om die trustbates te bewaar, wat meestal 'n passiewe rol is. Trustees is dikwels familielede, wat selde gekies word vir hulle spesifieke talente of kennis rakende trusts. Vergoeding van die trustee kom selde ter sprake.[8]

Daar word aanvaar dat die trustee van enige trust verantwoordelik is vir die belegging van trustbates. In die verlede, in Suid-Afrika en Engeland, het die howe 'n baie konserwatiewe benadering met betrekking tot die belegging van trustbates gevolg. Die trustee moes enige beleggings vermy waarin daar 'n mate van risiko betrokke was. Dié benadering kon tot onlangs gehandhaaf word, want die waarde van geld was stewig oor lang tydperke en inflasie het feitlik nie bestaan nie. Tot onlangs was dit steeds die Suid-Afrikaanse howe se benadering om beleggings met enige mate van risiko betrokke te vermy, wat beteken het dat trustees nie hulle primêre funksie, naamlik om die trustbegunstigdes te bevoordeel, vervul het nie.

---

4 *Braun v Blann* 1984 2 SA 850 (A) 859 F-G. Cameron *Honoré's* 2.

5 Joubert *LAWSA* 298.

6 De Mink *De Rebus* 19. De Waal in *Anomalieë* 56 meen die trust word as 'n afsonderlike entiteit beskou en geadministreer, maar beskik nie oor regspersoonlikheid nie. In *CIR v Friedman NO* 1993 1 SA 353 (A) is daar deur die hof bevestig dat die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie, tensy dit deur wetgewing daar gestel word.

7 Trustbates word in a1 van die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988 beskryf as roerende- of onroerende bates, insluitend voorwaardelike regte in eiendom, wat ooreenkomstig die bepalings van 'n trust deur 'n trustee beheer word.

8 De Mink *De Rebus* 19.

Verandering het in die Engelse trustreg ingetree met die inwerkingtrede van *The Trustee Act,* 2000.[9] Dié wet hef alle beperkings met betrekking tot riskante trustbeleggings op en skryf duidelike riglyne vir trustees op die gebied van trustbeleggings voor. Soortgelyke wetgewing bestaan nie in Suid-Afrika nie. In die lig van die bepalings van die Engelse *Trustee Act* kan die vraag gevra word of dit nie tyd is dat soortgelyke wetgewing in Suid-Afrika ingestel moet word nie.

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, sal die volgende werkswyse gevolg word. In die eerste plek sal aandag aan die huidige regsposisie van die trustee in Suid-Afrika geskenk word.[10] Daarna word die regsposisie van die trustee in die Engelse reg ondersoek.[11] Ten einde vas te stel of die regsposisie van die trustee in die Engelse reg sinvol in die Suid-Afrikaanse reg aangewend kan word, sal sy posisie in die Engelse- en Suid-Afrikaanse reg met mekaar vergelyk word.[12] Ten slotte sal daar met aanbevelings ten opsigte van verbetering van die trustee se regsposisie in Suid-Afrika volstaan word.[13]

---

9 Voortaan die *Trustee Act.*
10 Sien hoofstuk 2.
11 Sien hoofstuk 3.
12 Sien hoofstuk 4.
13 Sien hoofstuk 5.

HOOFSTUK 2

## Regsposisie van die trustee in die Suid-Afrikaanse reg

### *2.1 Algemene ontwikkeling van die trustee se verpligtinge*

Die trustee se verpligtinge word bepaal deur die gemenereg en die *Wet op Beheer oor Trustgoed.*[14] Die drie hoofbeginsels van die trustee se verpligtinge by die administrasie van trustbates is dat die trustee[15]

- aan die trustakte, vir sover dit wettig is, gevolg moet gee;
- met die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid; en
- onafhanklik en onbevooroordeeld moet optree.

Van die trustee se gemeenregtelike verpligtinge is om: [16]

- in goeie trou en gesamentlik (in die geval waar daar meer as een trustee is) op te tree;
- sekuriteit aan die Meester te verskaf, tensy die trustee uitdruklik daarvan vrygestel is;[17]
- aan die trustakte gevolg te gee;[18]
- beheer van die trustbates te neem;[19]
- die trustbates meer produktief te maak;
- die trustbates afsonderlik te administreer;[20]
- onpartydig te wees;[21]
- die inkomste- en kapitaalopbrengste aan die begunstigdes oor te dra;[22]
- die trustbates te bewaar; en

---

14 57 van 1988. Voortaan die *Wet op Trustgoedere.*
15 Pace *Trusts* 520.
16 *Doyle v Doyle* 1999 2 SA 805 (K).
17 Pace *Trusts* 521. *Ex parte Milton* 1959 3 SA 426 (K) 427.
18 *Tjimstra v Tijmstra* 2002 1 SA 459 (T).
19 Pace *Trusts* 521. *MacKenzie v Basha* 1950 1 SA 615 (N).
20 *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K).
21 *Atkins v Atkins* 1963 2 SA 291 (W). Joubert *LAWSA* 326. Pace *Trusts* 525.
22 Pace *Trusts* 525.

- aan die begunstigdes te verreken.

Die trustee se statutêre verpligtinge behels kortliks die volgende: [23]

- indiening van die trustakte;[24]
- kennisgewing van 'n adres;[25]
- verskaffing van sekuriteit aan die Meester, tensy uitdruklik vrygestel;[26]
- verkryging van skriftelike magtiging van die Meester om as trustee op te tree;[27]
- optrede met die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid;[28]
- opening van tyd tot tyd van 'n bankrekening vir die trust;[29]
- registrasie en identifikasie van trustbates;[30]
- gee van rekenskap aan die Meester;[31]
- bewaring van die trustdokumente op 'n veilige plek;[32] en
- voldoening aan statutêre bepalings in die algemeen.

Die gemeenregtelike verpligting van die trustee om trustbates meer produktief te maak behels onder meer die belegging van trustbates.[33]

Tot onlangs was daar geen verandering in die aanwending van trusts nie, maar geleidelik is die trust vir meer aangewend as net finansiële beskerming. Met die industriële uitbreiding regoor die wêreld vanaf die agtiende eeu, was daar baie

---

23 A19 en 20 van die *Wet op Trustgoedere*. Nie-nakoming van statutêre verpligtinge kan lei tot verwydering uit die trustee-amp.
24 A4 van die *Wet op Trustgoedere*.
25 A5 van die *Wet op Trustgoedere*.
26 Pace *Trusts* 521.
27 A6 van die *Wet op Trustgoedere*.
28 A9 van die *Wet op Trustgoedere*.
29 A10 van die *Wet op Trustgoedere*.
30 A11 van die *Wet op Trustgoedere*.
31 A16 van die *Wet op Trustgoedere*.
32 A17 van die *Wet op Trustgoedere*.
33 Van der Westhuizen "Trusts" 41-43.

veranderinge in die manier waarop besigheid gedoen is. Op die gebied van trustreg is daar nuwe gebruike aanvaar, wat aanleiding gegee het tot die wegbeweeg van 'n passiewe trust[34] na 'n meer aktiewe trust.[35] By 'n aktiewe trust moet die trustee verseker dat die waarde van die trustbates[36] vermeerder om sodoende aanleiding te gee tot die beste moontlike opbrengs wat redelik is in die omstandighede. Die vermeerdering van trustbates word bereik deur die belegging van die trustbates en vervul ook een van die trustees[37] se belangrikste verpligtinge met betrekking tot trusts. Die belangrikste funksie van die trustee is dus om winsgewend met trustbates te handel.[38]

Die winsgewende handel met trustbates beteken egter nie dat die trustee nou vrygestel word van enige ander funksies[39] of dat hy slegs finansiële en kommersiële implikasies van die trust moet oorweeg nie. Die trustee is nog steeds 'n sorgsaamheidsplig verskuldig teenoor die begunstigdes wat deurentyd gehandhaaf moet word. Die sorgsaamheidsplig van die trustee dra soveel gewig dat dit 'n statutêre verpligting gemaak is in Suid-Afrika.[40] Artikel 9(1) van die *Wet op Trustgoedere* bepaal dat 'n trustee by die nakoming van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede met die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid moet optree wat redelikerwys verwag kan word van 'n

---

34 'n Trust waar die trustbates slegs bewaar word en daar nie winsgewend daarmee gehandel word nie.

35 'n Trust waar daar winsgewend met die trustbates gehandel word.

36 Roerend of onroerende eiendom, insluitende gebeurlike regte in eiendom. Joubert *LAWSA* 298.

37 In *Estate Kemp v MacDonald's Trustee* 1915 AD 491 499 is daar beslis dat die woord "trustee" beteken iemand wat met die beheer van eiendom toevertrou word (as eienaar of andersins) om daarmee te handel tot die voordeel van 'n ander. Trustees in 'n amptelike hoedanigheid kan insluit eksekuteure, onderwysers, kurators, insolvente trustees, maatskappy direkteure en lede van beslote korporasies. Cameron *Honoré's* 14.

38 De Mink *De Rebus* 19.

39 Soos byvoorbeeld om met die nodige sorgsaamheid, ywer en kundigheid op te tree in die hantering van 'n ander persoon se sake.

40 A9(1) van die *Wet op Trustgoedere*.

persoon wat die sake van 'n ander hanteer.[41]

Die trustee is ingevolge die gemenereg onder die verpligting om trustbates te bewaar, maar in sekere gevalle mag die trustee die trustbates verkoop en die opbrengste herbelê. Dit beteken dat die trustee die nodige stappe moet neem om te verseker dat trustbates hulle waarde behou en selfs verhoog.[42] Daar rus ook 'n instandhoudingsplig op die trustee in dié sin dat hy die trustgoed in 'n behoorlike toestand moet hou en alle skade aan die trustbates, wat deur sy nalatigheid veroorsaak is, moet vergoed.[43]

Die trustee moet sover moontlik die trustbates bevry van enige besware, byvoorbeeld hipoteke.[44] Waar 'n trustee egter die trustbates beswaar, byvoorbeeld met die oorneem van laste van 'n besigheid, kan dit in sekere gevalle geregverdig word, deurdat die onmiddellike verkoop van die besigheid tot 'n verlies aan die trust aanleiding kan gee.[45]

Daar word van die trustee verwag om trustbates te bewaar en om te verseker dat die trustbates se waarde vermeerder, deur middel van die belegging van die trustbates. Uit die bespreking van die trustee se verpligtinge blyk dit duidelik dat hy of sy in die uitoefening van al sy of haar verpligtinge die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid moet handhaaf wat redelikerwys van 'n persoon wat 'n ander persoon se sake hanteer en administreer, verwag kan word.

---

41 Soortgelyk bepaal a1 van die *Trustee Act* dat daar van 'n trustee verwag word om die nodige sorgsaamheid en kundigheid in die omstandighede uit te oefen, met inagneming van die volgende: enige spesifieke kennis of ondervinding waaroor hy beskik of na bewering oor beskik en indien die persoon as trustee optree in die loop van 'n besigheid of professie, enige spesifieke kennis of ondervinding wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat optree in die loop van die spesifieke besigheid of professie. Sien paragraaf 3.2.

42 Pace *Trusts* 521.

43 Cameron *Honoré's* 296. Cronje en Roos *Gevorderde Erfreg* 126-127.

44 Pace *Trusts* 521. In *Balcomb v Estate Balcomb* 1937 NPD 289 is daar deur die hof beslis dat in die geval van testamentêre trusts moet die trustee trustbates van hipoteke bevry.

45 Cameron *Honoré's* 296.

## *2.2 Konserwatiewe benadering tot trustbeleggings*

Ten einde te verseker dat die trustbates terselfdetyd bewaar word en ook vermeerder, is dit wenslik om die trustbates in 'n belegging te plaas wat 'n redelike opbrengs op die trustbates sal verseker. Die bevoegdheid van 'n trustee om trustbates te belê staan bekend as die beleggingsbevoegdheid van die trustee.

Dit is gemene saak dat die trustee van enige trust die trustbates wat aan hom toevertrou is met die nodige sorgsaamheid, ywer en kundigheid moet belê.[46] Die standaard van sorgsaamheid wat van die trustee in só verband verwag word, is hoër as die sorg van die gewone man in die hantering van sy eie sake.[47] In die verlede is daar egter in Suid-Afrika 'n beperking op die beleggingsbevoegdheid van die trustee geplaas. Slegs sekere beleggings is as geskik vir die belegging van trustfondse beskou, so byvoorbeeld is die belegging van trustfondse in 'n lening aan 'n individu nie beskou as 'n geskikte belegging nie.[48] Die trustee was onder die verpligting om enige risiko's te vermy wanneer die trustbates belê word.[49] In *Sackville-West v Nourse*[50] is die trustee aanspreeklik gehou vir trustbreuk as gevolg van 'n spekulatiewe belegging wat aanleiding gegee het tot 'n verlies in trustkapitaal sowel as rente. *In casu* het die hof die beslissing van die Engelse saak, *Learoyd v Whiteley,*[51] aangehaal waarin daar bepaal is dat dit die plig van die trustee is om enige belegging, wat 'n mate van risiko het, te vermy.[52]

In die verlede was dit die Suid-Afrikaanse benadering dat trustbeleggings in aandele 'n dobbelspel is, wat nie deur die howe goedgekeur kan word nie.[53]

---

46 *Sackville-West v Nourse* 1925 AD 516 534-535.
47 *Peffers NO v Board of Control* 1965 2 SA 53 (K) 55E-F.
48 *Peffers NO v Board of Control* 1965 2 SA 53 (K) 55H.
49 *Administrators, Estate Richards v Nicol* 1999 1 SA 551 (HHA) 558H.
50 1925 AD 516.
51 1887 12 AC 727 733.
52 De Mink *De Rebus* 19.
53 *Adze v Feuilleteau* 1783 1 Cox 24.

Wetgewing en die regbank het gefokus op die beskerming van begunstigdes met die gevolg dat trustees alle risiko's ten opsigte van trustkapitaal moes vermy.[54]

Beleggings in Suid-Afrika was nie dié tegniese of gespesialiseerde aangeleentheid wat dit nou is nie en vaste beleggings-sekuriteite, soos regeringsverbande, was die algemeen verkose vorm van belegging. Hierdie konserwatiewe benadering reflekteer die houding van die vorige eeu waar die waarde van geld stewig gebly het oor lang tydperke en inflasie feitlik nie bestaan het nie.[55]

As gevolg van die dalende waarde van geld en toenemende inflasie, het daar 'n negatiewe verandering in die markte ontstaan. Nieteenstaande hierdie veranderende ekonomiese realiteite, het die howe vir 'n geruime tyd voortgegaan om voorkeur aan beleggings in rente-draende sekuriteite te verleen.[56] Daar kan as voorbeeld die volgende genoem word. In 1982 het die hof beslis dat 'n belegging gemaak in 'n maatskappy, wat op die effektebeurs gelys is, te riskant van aard is.[57]

Wat die belegging van trustbates betref, was trustees uiters versigtig en het hulle meestal die wetgewer se leiding gevolg. Ongelukkig het dit daartoe gelei dat die trustee nie sy primêre funksie behoorlik kon vervul nie, naamlik om in die beste belange van die begunstigdes op te tree nie. Die houding van die howe en wetgewer aangaande riskante trustbeleggings het die trustee ontneem van die vryheid om sy diskresie uit te oefen en dít het geïmpliseer dat die rol van die trustee tot 'n administrateur beperk is –glad nie 'n wenslike situasie nie.[58]

---

54 De Mink *De Rebus* 19.
55 De Mink *De Rebus* 19.
56 De Mink *De Rebus* 19.
57 *Ex parte Baumann NO* 1982 2 SA 239 (D) 243 D-E.
58 De Mink *De Rebus* 19-20.

Dit blyk duidelik uit die bogenoemde dat 'n trustee oor 'n beleggingsbevoegdheid met betrekking tot trustfondse beskik, maar dat hierdie beleggingsbevoegdheid onderworpe is aan streng beperkings in dié sin dat enige belegging met 'n mate van risiko betrokke vermy moet word. Dit beteken dat die trustbates in beleggings belê word wat 'n lae of geen rentekoers het nie. Die trustbates toon geen groei nie, dikwels tot nadeel van die trustbegunstigdes. Inteendeel verminder die waarde van die trustbates as gevolg van die stygende inflasie, wat in die verlede nie 'n faktor was nie. As gevolg van die veranderende ekonomie en stygende inflasie is dit duidelik dat die konserwatiewe benadering met betrekking tot trustbeleggings, wat deur die howe in die verlede gehandhaaf is, nie langer sal deug nie. Daar gaan vervolgens gekyk word hoe 'n verandering in die konserwatiewe benadering met betrekking tot trustbeleggings tot die voordeel van die trustbegunstigdes aanleiding kan gee.

### *2.3 Verandering in die konserwatiewe benadering*

Ekonome het tot die besef gekom dat beleggings in rente-draende sekuriteite, waar inflasie 'n ekonomiese realiteit is, aanleiding kan gee tot vermindering in die waarde van trustinkomste en trustkapitaal, wat weer tot die nadeel van die begunstigdes kan lei. Trustees behoort die trustbates bloot te stel aan 'n mate van risiko om sodoende inflasie te klop, aangesien tradisionele beleggings nie meer voldoende was teen stygende inflasie nie.[59]

Veranderinge in die beleggingsveld en die behoefte aan 'n verspreiding van trustfondse in verskillende beleggings het gedui op die behoefte aan 'n omvattende hersiening van die howe se konserwatiewe benadering met betrekking tot die beperkings op trustees se beleggingsbevoegdhede in trustbeleggings.[60]

---

59 De Mink *De Rebus* 20.
60 Cameron *Honoré's* 300.

Hierdie veranderende denkwyse in trustbeleggings is teweeg gebring deur die *Administrators, Estate Richards v Nicol*[61] saak. 'n Testamentêre trust is gestig in 1955, twee jaar na die bereddering van die boedel, waarin daar wye bevoegdhede met betrekking tot die verkoop, handel, vervreemding, herbelegging, tegeldemaking en verkryging van trustbates aan die trustees verleen is. Die trustees het die hof genader vir magtiging om die trustbates in geskikte trusteebeleggings en/of sekuriteite, wat gelys is op enige gelisensieërde effektebeurs en/of in enige gelisensieërde onderaandeel wat na hulle mening geskik is, te belê.[62] Die hof *a quo*, in navolging van die presedent,[63] het die versoek geweier. Die hof het bepaal dat beleggings slegs gemaak kan word in die Johannesburgse Effektebeurs en het die aard van die toegelate sekuriteite bevestig aan die hand van sekuriteite en onderaandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs gelys is. Die hof het verder bepaal dat slegs 50% van die trustbates op die Johannesburgse Effektebeurs belê mag word.[64] Die hof het verder van die trustees verlang om advies en skriftelike magtiging van 'n onafhanklike makelaar te verkry en om kwartaaliks 'n verslag aan die Meester te lewer. Op appèl het die hoogste hof van appèl al hierdie beperkings ter syde gestel. Daar is wye bevoegdhede aan die trustees verleen soos versoek. Die appèlhof het beslis dat 'n belegging, wat vroeër as voldoende beskou is, regtens nie meer as voldoende in moderne tye beskou kan word nie.

Die snelle en aanhoudende vermindering in die waarde van geld wat teweeg gebring word deur inflasie, wat 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die afgelope paar dekades geword het, kan aanleiding gee tot 'n

---

61 1999 1 SA 551 (HHA) 557 H-I.

62 In *Ex parte Bennet NO* 1969 3 SA 598 (N) is daar nie uitsluitsel gegee oor die vraag of 'n onderaandeel as 'n geskikte trustbelegging kwalifiseer of nie.

63 In *Colonial Banking & Trust v Estate Hughes* 1932 AD 1 is daar bevind dat om die trustbates aan 'n geringe mate van risiko bloot te stel, om sodoende 'n redelike inkomste vir die begunstigdes te verseker, onaanvaarbaar en onregverdigbaar is.

64 In *Peffers NO v Board of Control* 1965 2 SA 53 (K ) 55 is daar deur die hof beslis dat daar nie meer as die helfte of twee-derdes van die waarde van onroerende eiendom op verbande voorgeskiet moet word nie.

skerp daling in die waarde van 'n monotêre sekuriteit oor 'n kort periode. Om sodoende die trustkapitaal in praktiese terme te bewaar en om die voorsiening van inkomste te verseker, veral waar dit 'n langtermyn trust is, is 'n trustee in die betrokke geval noodwendig verplig om die trustbates te belê in eiendom met die potensiaal vir kapitale groei. Só 'n belegging, dit wil sê waar die kapitaal nie vas belê is nie, is riskant, maar die risiko is onvermydelik indien die trustbates in praktiese terme bewaar moet word.[65]

Die appèlhof het aangedui dat die aanvaarding van die "risiko element", aanleiding tot verandering in die benadering met betrekking tot trustbeleggings gegee het. Daar word wegbeweeg van die konserwatiewe benadering met betrekking tot trustbeleggings en die hof bevind dat daar nooit in beginsel of in wetgewing enige regverdiging vir die reël, dat trustfondse nie belê mag word in genoteerde aandele of gelisensieerde onderaandele nie, was nie.[66]

Nieteenstaande die bogenoemde oorweging, naamlik dat trustfondse wel belê mag word in genoteerde aandele of gelisensieerde onderaandele, word dit nogsteeds as gepas deur die regbank beskou dat trustees die trustfondse belê in "trustbeleggings". Daar is ook in die *Administrators, Estate Richards v Nicol*[67] saak uitdruklik verwys na "trustbeleggings". "Trustbeleggings" is nie 'n tegniese term nie en dit is deur die appèlhof beklemtoon dat, alvorens daar gesê kan word dat 'n belegging met die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid gemaak is, daar na die feite van elke betrokke saak gekyk moet word.[68] Die term "trustbeleggings" sluit onroerende eiendom, eerste verbande oor onroerende eiendom, regerings-, provinsiale- en munisipale effekte en vaste beleggings in 'n bank of soortgelyke instelling in,[69] maar daar bestaan nogtans 'n behoefte na 'n versigtige ondersoek na die geskiktheid van die betrokke

65 557-558. Cameron *Honoré's* 300.
66 558C-D. Cameron *Honoré's* 301.
67 1999 1 SA 551 (HHA).
68 *Administrators, Estate Richards v Nicol* 1999 1 SA 551 (HHA) 557H-I.
69 *Peffers NO v Board of Control* 1965 2 SA 53 (K ) 55-56.

belegging wat oorweeg word.[70] Enige vaste belegging wat daal in waarde wanneer inflasie styg, kwalifiseer ook as 'n "trustbelegging".[71]

In die *Administrators, Estate Richards v Nicol*[72] saak het die appèlhof gewaarsku dat enige belegging in effekte en onderaandele oor 'n inherente risiko van kapitaalverlies beskik en dat dit regtens van die trustee in die uitoefening van sy sorgsaamheidplig verwag word om spekulatiewe beleggings te vermy.[73] Algemeen gesproke poog die trustee sover moontlik om die belegging van trustfondse te versprei in verskillende ondernemingsvorme om sodoende 'n balans van stabilteit en groei in die kapitale waarde en die geproduseerde inkomste van die trust te verseker.[74]

Elke trustee word gekonfronteer met 'n probleem as dit by trustbeleggings-besluite kom wat hy moet neem. Hy is onder die verpligting om die bates te belê met minimum risiko en ook om die belange van die begunstigdes te balanseer. As hy geld belê teen 'n vaste rentekoers by 'n instelling soos 'n bank, verseker hy die belegging se veiligheid omdat dit hoogs onwaarskynlik is dat die instelling gelikwideer sal word. As gevolg van die voortdurende vermindering in die waarde van geld sal die belegging se waarde ook drasties verminder met die verloop van tyd.[75] In die korttermyn sal daar dus voorsiening gemaak word vir die inkomstebegunstigdes, maar die kapitaalbegunstigdes gaan ernstig in die langtermyn deur so 'n belegging benadeel word.[76]

Die trustee se ander opsie is om in meer riskante entiteite te belê. Indien aandeelpryse styg, styg die waarde van die belegging, wat op sy beurt weer help om vermindering in die waarde van die belegging teen te veg. Die kapitaal=

---

70 *Jonsson v Estate Jonsson* 1945 NPD 66 70.
71 Cameron *Honoré's* 302.
72 1999 1 SA 551 (HHA).
73 Cameron *Honoré's* 301.
74 *Administrators, Estate Richards v Nicol* 1999 1 SA 551 (HHA) 558H-J.
75 De Mink *De Rebus* 20.
76 De Mink *De Rebus* 20.

begunstigdes sal dus bevoordeel word, maar beleggings van hierdie aard genereer min inkomste. Daar word wel dividende uitbetaal, maar die waarde daarvan wissel van tyd tot tyd. Verder is die belegging nie veilig nie en die moontlikheid bestaan dat die hele belegging verlore kan gaan.[77]

Die trustee is onder 'n verpligting om die risiko teen die opbrengste te balanseer, en hy moet voortdurend in gedagte hou dat hy eerder die trustbates moet bewaar as om voortdurende groei na te jaag. In die hedendaagse mark behels dit 'n diversiteit van beleggings - die minimum risiko word gehandhaaf terwyl daar 'n redelike opbrengs op die kapitaal gemaak word. Diversiteit van beleggings sal gedoen moet word om die vermindering van geldwaarde en inflasie te vermy.[78]

'n Trustee beskik oor 'n beleggingsbevoegdheid wat trustbates aangaan. Tans word daar wegbeweeg van die konserwatiewe benadering met betrekking tot trustbeleggings en trustees word toegelaat om in meer riskante beleggings te belê. Daar word egter van die trustee vereis om, alvorens 'n belegging gemaak word, sy sorgsaamheidsplig uit te oefen en die geskiktheid van die betrokke belegging te oorweeg. Daar sal voorts na die trustee se beleggingsbevoegdheid gekyk word.

### *2.4 Beleggingsbevoegdheid van die trustee*

Soos reeds genoem word daar weg beweeg van die konserwatiewe benadering met betrekking tot trustbeleggings, wat inhou dat trustees oor 'n wyer beleggingsbevoegdheid beskik wat die belegging van trustbates aanbetref.

Daar word van 'n persoon in 'n besondere posisie, dit wil sê die trustee, verwag om met die belegging van trustfondse die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid aan die dag te lê en om nie die trustfondse aan enige

77 De Mink *De Rebus* 20.
78 De Mink *De Rebus* 20.

besigheidsrisiko's bloot te stel nie.[79] In *Ex parte Ewing NO*[80] is bevind dat, in die geval van beleggings in aandele, die risiko om 'n verlies te lei in die koop en verkoop van aandele, genoteer op die effektebeurs, verminder kan word deur die inwinning van advies deur 'n onafhanklike aandeelmakelaar.[81] Deel van die sorgsaamheidsplig van die trustee behels die inwinning van advies om sodoende onnodige verliese te beperk.

Enige bevoegdheid van die trustee om trustgelde te belê, word beperk deur die bepalings van die trustakte en wetgewende beperkings, spesifiek ten opsigte van die trustee se sorgsaamheidsplig. Dit blyk egter duidelik uit *Administrators, Estate Richards v Nicol*[82] dat die heersende ekonomiese toestande in ag geneem moet word wanneer daar bepaal word of 'n trustee se beleggingsbesluite regverdigbaar is of nie.[83] Die presiese vorm van belegging, indien dit nie voorgeskryf is deur die trustoprigter nie, word aan die trustee se diskresie oorgelaat.[84]

Die trustee moet geld wat die trust toekom en dit, wat nie vir enige onmiddellike betaling ingevolge die trustakte benodig word nie, sonder huiwering belê.[85] Hierdie verpligting is nie van toepassing op trustbates wat ongeskik is vir belegging of nie vir belegging bedoel is nie.[86]

Trustees mag onder geen omstandigdhede geld van die trust leen nie, selfs al word die begunstigde gekrediteer met rente.[87]

---

79 *Ex parte Ewing NO* 1995 4 SA 101 (D) 101G.
80 1995 4 SA 101 (D).
81 104F/G – 105G.
82 1999 1 SA 551 (HHA).
83 De Mink *De Rebus* 20.
84 *Administrators, Estate Richards v Nicol* 1999 1 SA 551 (HHA) 556-561.
85 Joubert *LAWSA* 324. *Sackville-West v Nourse* 1925 AD 516 534-535.
86 Cameron *Honoré's* 297.
87 Cameron *Honoré's* 297. Joubert *LAWSA* 324. *SA Association NO v Hoffmann* 1913 AD 377.

Die trustee moet in die geval van 'n erfenis die bates behou in dieselfde staat van belegging as waarin hy beheer oor die erfenis ontvang het.[88] Indien die belegging wat die trustee ontvang te spekulatief van aard is, is dit die trustee se plig om, indien hy oor die bevoegdheid van verkoop en herbelê beskik, die trustbates in 'n beter belegging te belê.[89]

Dit is 'n vereiste dat die trustee in "uiters goeie trou"[90] moet optree en nie in 'n posisie moet kom waar sy persoonlike belange, selfs indirek, in konflik met sy verpligtinge is nie.[91] Verder word daar van die trustee verwag om met groter sorg met die trustbates te handel as met sy eie bates.[92]

Soos reeds gesien bestaan daar nie 'n vaste lys van trustbeleggings[93] nie en die trustee se plig, gemeenregtelik en statutêr,[94] is om die sorgsaamheid van 'n "versigtige besigheidsman" in die betrokke omstandighede te toon.[95]

Die trustee se plig is om 'n balans te handhaaf tussen die huidige en toekomstige begunstigdes en nie om toe te laat dat die een se belange swaarder weeg as 'n ander sin nie. In *Ex parte Knight*[96] het die hof bevind dat dit die plig van die trustee is om die boedelbates in 'n belegging te hou, wat in die beste belange van al die begunstigdes is, met inagneming van die verkryging van inkomste en die sekuriteit van die *corpus* van die trust.[97]

---

88 *Hiddingh v De Villiers* 1887 5 SC 298 pc 308.
89 Cameron *Honoré's* 298. *Ex parte Knight* 1946 CPD 800 814.
90 *Uberrima fides*.
91 Cameron *Honoré's* 299. *Hoppen v Shub* 1987 3 SA 201 (K).
92 Joubert *LAWSA* 32. Pace *Trusts* 520.
93 Verkieslik moet trustees geld belê in onroerende eiendom, eerste verbande in onroerende eiendom en in regerings-, provinsiale- en munisipale effekte. Pace *Trusts* 523.
94 A9 van die *Wet op Trustgoedere*.
95 Cameron *Honoré's* 299.
96 1946 CPD 800 814.
97 Cameron *Honoré's* 299. Pace *Trusts* 523.

Om 'n redelike inkomste vir die huidige begunstigdes te verkry, behoort daar 'n mate van risiko betrokke te wees by die belegging.[98] Die tradisionele "geen-risiko- benadering" is ontwikkel in tye toe inflasie baie laag of glad nie bestaan het nie.[99]

Waar inflasie 'n voortdurende ekonomiese realiteit is, kan 'n vaste belegging in sekuriteite beide inkomste- en kapitaal begunstigdes benadeel in dié sin dat die werklike inkomste van die trustbates waarskynlik sal verminder en die kapitaal ook drasties kan verminder.[100] Daar bestaan gesag[101] wat aandui dat 'n belegging in 'n publieke maatskappy, wat gelys is op die effektebeurs, te riskant in die afwesigheid van uitdruklike toestemming in die trustakte is.[102]

Die *Wet op Trustgoedere* maak voorsiening vir die moontlike verandering van die trustee se beleggingsbevoegdhede deurdat die hof gemagtig word om die bepalings van die trustakte te wysig in omstandighede waar daar onnodig streng beperkings op die trustee se beleggingsbevoegdhede opgelê word.[103] Artikel 13 bepaal dat:

> Indien 'n trustdokument 'n bepaling bevat wat gevolge teweegbring wat die oprigter van 'n trust na die hof se oordeel nie beoog of voorsien het nie en wat-
>
> a) die bereiking van die oprigter se oogmerke belemmer; of
> b) die belange van die bevoordeeldes benadeel; of
> c) in stryd met die openbare belang is,
>
> kan die hof op aansoek van die trustee of enige persoon wat na die hof se oordeel voldoende belang by die trustgoed het, enige sodanige bepaling skrap of wysig of ten opsigte daarvan enige bevel gee wat daardie hof billik ag, met inbegrip van 'n bevel waarby bepalende trustgoed deur bepaalde ander goed vervang word, of 'n bevel wat die trust beëindig.

---

98 *Colonial Banking & Trust v Estate Hughes* 1932 AD 1.
99 *Nestlé v National Westminster Bank* 1994 1 All ER 118 (CA) 139.
100 *Ex parte Sidelsky* 1983 4 SA 598 (K) 601-602.
101 *Ex parte Baumann NO* 1982 2 SA 239 (D) 243D-E.
102 Cameron *Honoré's* 299.
103 A13. Pace *Trusts* 526.

Indien 'n bepaling in die trustakte met betrekking tot trustbeleggings 'n gevolg meebring wat die oprigter nie voorsien het nie en dit die begunstigdes benadeel, mag die hof die bepaling wysig of ter syde stel.[104] 'n Trustee beskik ook oor die bevoegdheid om 'n hof te nader indien sy beleggingsbevoegdhede onnodig ingevolge die trustakte beperk word.[105]

In die afwesigheid van wetgewing of 'n hofuitspraak moet die trustee sy leiding neem van die trustakte en die gemenereg. Daar word byvoorbeeld voorgehou dat, indien die trustakte bepaal dat die trustee oor die bevoegdheid beskik om die opbrengste van die verkoop van trustbates te belê in sekuriteite volgens sy diskresie, dit aan die trustee ook die bevoegdheid gee om onroerende eiendom te koop.[106] 'n Bevoegdheid om opbrengste te belê beteken by implikasie dat die trustee ook bestaande beleggings kan verkoop.[107]

Indien 'n trustakte bepaal dat die onroerende eiendom van die trust nie verkoop mag word nie, maar die trustees bevind dat die belegging nie meer winsgewend is nie, mag hulle die bates realiseer en herbelê in beter beleggings. In kort beteken dit dat onroerende eiendom slegs verkoop mag word indien die belegging nie meer die moeite werd is nie.[108]

In *Ex parte Baumann NO*[109] het die hof beslis dat die trustees trustfondse in enige belegging kan plaas, wat hulle as goed en veilig beskou, insluitende aandele op die Johannesburgse Effektebeurs.[110]

---

104 *Ex parte Bennet NO* 1969 3 SA 598 (N).
105 Cameron *Honoré's* 303. Pace *Trusts* 526. In *Ex parte Scott Brown NO* 1940 TPD 51 het die hof verskeie bevoegdhede aan die trustee toegeken wat nie uitdruklik in die trustakte aan die trustee verleen is nie.
106 *Ex parte Wittenberg Trust* 1940 CPD 644.
107 Cameron *Honoré's* 303-304.
108 Cameron *Honoré's* 304. *Wilz v Gouws NO* 1961 4 SA 222 (T).
109 1982 2 SA 239 (D) 242-243.
110 Cameron *Honoré's* 304.

Beleggings moet verkieslik gemaak word in die naam van die trustee in sy amptelike hoedanigheid as trustee van die betrokke trust.[111] Indien die trustee 'n finansiële instelling is, moet die beamptes van die instelling die belegging maak in die naam van die instelling as trustee.[112]

Die koop van grond, waaroor daar 'n verband geregistreer is, is 'n vorm van belegging, maar die trustee benodig die toestemming van die hof indien die trustakte dit nie magtig nie.[113] Waar 'n aandeel met 'n ander vervang word, word dit nie beskou as 'n herbelegging nie. In sulke gevalle beskik die trust oor die inherente bevoegheid om toestemming te verleen daartoe. Dit is slegs waar die belange van minderjarige begunstigdes benadeel gaan word dat die hof toestemming moet verleen.[114]

Dit word van die trustee as bekleër van 'n amp verwag om toe te sien dat daar 'n redelike opbrengs op die kapitaal van die trust is. Dit kom neer op trustbreuk indien die trustee toestem tot 'n buitengewone lae rentekoers op 'n lening,[115] die verhuring van woonstelle teen 'n laer prys as die huidige markkoers[116] en indien hy versuim om te verseker dat daar 'n balans van stabiliteit en groei in die kapitaalwaarde en inkomste van die trust by kapitaalbeleggings is.[117] Enige gelde wat nie belê word nie, moet deur die trustee in 'n aparte bankrekening gedeponeer word.[118]

Indien die oprigter of testateur dit duidelik maak dat dit sy bedoeling is dat die trustbates bewaar moet word vir die uiteindelike begunstigdes, sluit dit die verkoop van die bates deur die trustees uit, al kan die opbrengste daarvan tot 'n

---

111 *Ex parte Estate Hiddingh* 1935 OPD 92.
112 Cameron *Honoré's* 305.
113 *Ex parte Estate Hidddingh* 1935 OPD 92.
114 Cameron *Honoré's* 305.
115 *Boyce NO v Bloem* 1960 3 SA 855 (T) 867 en *Peffers NO v Board of Control* 1965 2 SA 53 (K) 56.
116 *Boyce NO v Bloem* 1960 3 SA 855 (T) 867.
117 *Administrators, Estate Richards v Nicol* 1999 1 SA 551 (HHA) 558I-J.
118 Cameron *Honoré's* 306.

groter voordeel erêns anders belê word.[119] Die bevoegdheid van 'n trustee om trustbates te verkoop moet uitdruklik gegee word en dit kan geïmpliseer word wanneer daar 'n bevoegdheid van herbelegging aan die trustee verleen word.[120]

Waar die trustakte die trustee magtig om voort te gaan met die oprigter se besigheid, mag die trustee enige handelinge verrig wat gewoonlik in die loop van die besigheid verrig word, insluitend die belegging van trustfondse.[121]

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat 'n persoon as trustee in sy amptelike hoedanigheid oor 'n beleggingsbevoegdheid met betrekking tot trustbates beskik. In die volgende paragraaf sal daar gefokus word op die beleggingsbevoegdheid van finansiële instellings wat optree as trustees in amptelike hoedanigheid.

### *2.5 Finansiële instellings as trustees*

Finansiële instellings kan ook as trustees optree en beskik dus ook oor 'n beleggingsbevoegdheid met betrekking tot trustbates.

Daar word deur die *Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse)*[122] spesiale verpligtinge opgelê aan die beamptes van finansiële instellings wat as trustees optree.[123] Hulle is verplig om die trustbates te belê en, waar registrasie van die trustbates vereis word, om die belegging te voltooi en om die trustbates op so 'n wyse te registreer dat dit as trustbates geïdentifiseer kan word.[124]

---

119 *Ex parte Barclays National Bank* 1972 4 SA 667 (N) 671.
120 Cameron *Honoré's* 307. *Barclays Bank DCO NO v Registrar of Deeds, Natal* 1968 2 SA 179 (D).
121 Cameron *Honoré's* 310. *Ex parte Mather NO* 1971 3 SA 381 (D). Pace *Trusts* 526.
122 39 van 1984. Voortaan die *Wet op Belegging van Fondse*.
123 A2 van die *Wet op Belegging van Fondse*. *Tek Corporation Provident Fund v Lorentz* 1999 4 SA 884 (HHA) par 15.
124 Cameron *Honoré's* 283. A4 van die *Wet op Belegging van Fondse*.

Volgens artikel 1 van die *Wet op Belegging van Fondse* beteken "trustbates" enige liggaamlike of onliggaamlike, roerende of onroerende bate wat in 'n trust gehou word. Die bepalings van die *Wet op Trustgoedere,* wat die aparte registrasie van trustbates vereis, is onderworpe aan die bepalings van die *Wet op Belegging van Fondse.*[125] Deur die *Wet op Trustgoedere* onderworpe aan die *Wet op Belegging van Fondse* te maak, word daar verhoed dat die trustbates deel vorm van die trustee-instelling se bates indien die betrokke instelling gelikwideer word.[126]

Voorbeelde van finansiële instellings wat as trustees kan optree, is 'n pensioenfonds-organisasie, trust-eenheid skema, aandeelmakelaar, geldburo, versekeraar, sekuriteits-deponerings instansie, bank of enige mediese skema.[127]

Soos reeds genoem is daar sekere verpligtinge op die beamptes van finansiële instellings wat as trustees optree.[128]

Hierdie verpligtinge kan kortliks as volg opgesom word:

a) Wanneer die instelling 'n belegging maak, moet daar in "uiters goeie trou" opgetree word en die "nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid" moet uitgeoefen word.[129]
b) Daar moet ooreenkomstig die bepalings van die trustakte opgetree word en trustbates mag nie beswaar word of gebruik word tot die onbehoorlike finansiële voordeel van die betrokke beampte van die finansiële instelling ten koste van die begunstigdes nie.[130]
c) Wanneer 'n finansiële instelling trustbates in sy hoedanigheid as trustee hou, moet die betrokke instelling die trustbates belê in die naam van 'n bepaalde persoon of in die naam van die trust. Die finansiële instelling

125 A11(1) van die *Wet op Trustgoedere.*
126 A4(5) van die *Wet op Belegging van Fondse.* Cameron *Honoré's* 283.
127 Cameron *Honoré's* 283-285. A1 van die *Wet op Belegging van Fondse.*
128 A4(4) van die *Wet op Belegging van Fondse.*
129 Cameron *Honoré's* 297.
130 Cameron *Honoré's* 298.

kan die belegging maak in die naam van die trust, die instelling self in sy hoedanigheid as trustee of 'n genomineerde van die maatskappy indien daar geen spesifieke vermelding in die trustakte is nie.[131]

Trustbates wat geregistreer is in die naam van die finansiële instelling in sy hoedanigheid as trustee vorm in geen omstandighede deel van die instelling se bates nie.[132]

Soos reeds genoem beskik 'n natuurlike persoon, wat as trustee optree in die belegging van trustbates, oor 'n sorgsaamheidsplig met betrekking tot die uitoefening van sy beleggingsbevoegdheid.[133] Uit die bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat 'n finansiële instelling ook as 'n trustee van 'n trust kan optree en derhalwe oor 'n beleggingsbevoegheid beskik met betrekking tot trustbates. In die uitoefening van die instelling se beleggingsbevoegdheid word daar ook 'n sorgsaamheidsplig vereis met betrekking tot die belegging van trustbates. Daar word vervolgens na die posisie van die trustee in die Engelse reg gekyk.

131 Cameron *Honoré's* 285-286.
132 A4(5) van die *Wet op Belegging van Fondse*.
133 Sien paragraaf 2.4.

HOOFSTUK 3

## Regsposisie van die trustee in die Engelse reg

### *3.1 Inleiding*

Die trust word beskou as die mees onderskeidbare en kreatiewe prestasie van die Engelse jurisprudensie. Die moderne Suid-Afrikaanse trustreg verskil aansienlik van die Engelse trustreg, aangesien die trust gedurende die Britse anneksasie van die Kaap in die Suid-Afrikaanse reg ingevoer is, behoort dit nuttig te wees om die ontwikkeling van die trustee se sorgsaamheidsplig in die Engelse reg te vergelyk. Verder word daar ook op die Engelse trustreg gefokus aangesien Engeland met die onlangse inwerkingtrede van die *Trustee Act* riglyne aan trustees verskaf met betrekking tot hulle beleggingsbevoegdheid ten aansien van trustbates. Dieselfde wetgewing bestaan nie in die Suid-Afrikaanse reg nie en dit is gevolglik belangrik om te ondersoek of soortgelyke wetgewing enige plek in die moderne Suid-Afrikaanse reg het.

Die bekendstelling van die *Trustee Act* is van aansienlike belang in die Engelse trustreg. Dit het die 75 jaar oue *Trustee Act*, 1925 en die 40 jaar oue *Trustee Investments Act*, 1961 vervang en het aanleiding gegee tot 'n substansiële wysiging in die reg met betrekking tot trustbeleggings. Die *Trustee Act* skep 'n nuwe wyer statutêre bevoegdheid van trustees met betrekking tot trustbeleggings[134] en verwyder die verswarende beperkings van die vorige wetgewing en stel positiewe verpligtinge op die trustees, wat die moderne realiteit van beleggings weerspieël.[135]

Die nuwe wyer beleggingsbevoegdheid van trustees word ondersteun deur verdere bevoegdhede vir die aanstel van agente, genomineerdes en voogde,

134 House of Lords 2000 GOOGLE http://www.parliament.the-stationary-office.co.uk 23/03/2004.

135 De Mink *De Rebus* 20.

asook om trustbates te verseker en die vergoeding van professionele trustees. Die nuwe maatstawwe by die nuwe bevoegdhede het ten doel om die administrasie van trusts te verbeter[136] en stel trustees in staat om wyer beleggingsbevoegdhede te beoefen terwyl die belange van die begunstigdes beskerm word teen die misbruik van hierdie nuwe bevoegdhede. Onder die huidige Engelse reg sal hierdie bevoegdhede slegs toepassing vind in die mate waarin die trustakte dit toelaat.[137]

Die *Trustee Act* het op 1 Februarie 2000 inwerking getree en 'n statutêre sorgsaamheidsplig op trustees in die verrigting van hulle verpligtinge onder die trustakte gevestig.

### *3.2 Wyer beleggingsbevoegdhede van trustees*

Soos reeds hierbo genoem verskaf die *Trustee Act* wye beleggingsbevoegdhede aan trustees. Die wye beleggingsbevoegdhede behels onder meer dat trustees:

- die geskiktheid van die belegging asook die behoefte aan diversiteit moet oorweeg;
- die beleggings moet monitor en hersien;
- waar nodig, die trustfondse tussen beleggings behoort te versprei; en
- deskundige advies behoort in te win met betrekking tot die variasie van beleggings, behalwe as die trustees glo dat advies in die betrokke geval onnodig gaan wees.

Die trustees het 'n verpligting om in die beste belange van die begunstigdes op te tree en moet versigtig wees vir enige verlies anders word hulle verantwoordelik gehou vir trustbreuk. Die trustees moet ten alle tye konflik tussen hulle

136 Deur om te verseker dat daar nie in ongeskikte beleggings belê is nie.
137 House of Lords 2000 GOOGLE http://www.parliament.the-stationary-office.co.uk 23/03/2004.

sorgsaamheidsplig verskuldig aan die begunstigdes en hulle persoonlike belange vermy.[138]

In meeste gevalle kan trustees enige beleggings maak wat hulle sou kon maak indien hulle absoluut geregtig was op die trustbates. Die trustbates moet nie onderworpe wees aan enige beperkings nie. Indien die trustakte 'n spesifieke belegging verbied, magtig die *Trustee Act* nie die trustees om die verbod te ignoreer nie.[139]

Die *Trustee Act* vereis 'n "nuwe" sorgsaamheidsplig in die geval van alle beleggingsbesluite deur trustees. 'n Trustee moet die nodige sorgsaamheid en kundigheid, as wat redelikerwys verwag kan word in die betrokke geval, uitoefen. Tydens hierdie proses moet aandag gegee word aan enige spesiale kennis of ondervinding:

- waaroor die trustee beskik of volgens bewering oor beskik; en
- wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat in 'n betrokke besigheid of professie optree.[140]

Die eerste vereiste bevat 'n subjektiewe element, naamlik die kennis van die bepaalde trustee en die tweede vereiste bevat 'n objektiewe element, naamlik wat van 'n professionele persoon wat as 'n trustee optree verwag word.[141] Daar word dus 'n hoër standaard van sorgsaamheid op die professionele trustee, wat vergoeding ontvang, geplaas. Die optrede van trustees word objektief gemeet teen die kundigheid van 'n gewone besigheidsman en subjektief teen die kenmerke van individuele trustees.[142]

---

138 Drew 2002 GOOGLE http://sharingpensions.co.uk/legislation5.htm 23/03/2004.
139 Bowen 2000 GOOGLE bowend@agnshipleys.com 23/03/2004.
140 A1 van die *Trustee Act*.
141 Stewardship Services 2002 GOOGLE www.stewardshipservices.org 23/03/2004.
142 Drew 2002 GOOGLE http://sharingpensions.co.uk/legislation5.htm 23/03/2004.

In die hersiening en die maak van beleggingsbesluite, moet trustees die "standaard beleggingskriteria" in artikel 4 van die *Trustee Act* in ag neem. Daar rus 'n plig op trustees om die trustbeleggings van tyd tot tyd te hersien. Daar word van trustees verwag om die geskiktheid van die betrokke belegging te oorweeg. Die geskiktheid van beleggings was al die onderwerp in verskeie hofsake, insluitende *Harries v The Church Commissioners for England*[143] waarin daar uiteengesit is dat, waar eiendom as 'n belegging gehou word, die doel van die trust die beste bereik sal word waar trustees maksimum opbrengste deur middel van inkomste of kapitale groei verkry. Trustees kan nie trustbates gebruik vir 'n ander doel as beleggings nie en trustbates, wat deur hulle gehou word vir beleggingsdoeleindes, kan nie as 'n middel tot die maak van morele standpunte gebruik word tot nadeel van die liefdadigheidsorganisasie nie.[144]

'n Vereiste is dat trustees die beleggingsrisiko's, waaraan die organisasie bloot gestel gaan word, identifiseer asook bevestig en dat hulle die beskikbare sisteme en kontrole, om die beleggingsrisiko's te mitigeer, moet hersien. Die bevestiging van die beleggingsrisiko's waaraan die organisasie bloot gestel gaan word is 'n belangrike bevestiging en moet goed deurdink word.[145]

Trustees beskik oor die bevoegdheid om trustfondse te belê in eiendom wat 'n redelike opbrengs sal produseer teen 'n redelike risiko. Die beleggingsbevoegdheid van 'n trustee bestaan uit twee aspekte, naamlik:

- 'n verpligting om die trustfondse só te belê dat dit gelykop verdeel kan word tussen die verskillende klasse begunstigdes; en
- 'n verpligting om die trustfondse só te belê dat die trustfondse beskerm word teen risiko's, maar nogtans 'n redelike opbrengs op die kapitaal produseer.[146]

---

143 1993 2 All ER 300.
144 Drew 2002 GOOGLE http://sharingpensions.co.uk/legislation5.htm 23/03/2004.
145 Drew 2002 GOOGLE http://sharingpensions.co.uk/legislation5.htm 23/03/2004.
146 Trust relationship GOOGLE www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law 23/03/2004

In baie trusts word die voordeel van die trustbates verdeel tussen die inkomste- en kapitaalbegunstigdes. Sekere eiendom, wat gehou word deur trustbeleggings, kan geen inkomste genereer nie, byvoorbeeld kontant en goud. In teenstelling kan ander beleggings slegs inkomste genereer, byvoorbeeld 'n langtermynhuurkontrak van twintig jaar waar die inkomste afkomstig is van die huur en 'n reg wat verval met die beëindiging van die huurtermyn. Dit kom voor asof inkomstebegunstigdes in sekere beleggings bevoordeel gaan word ten koste van die kapitaalbegunstigdes of andersom. Op grond van billikheid word daar vereis dat die trustee die begunstigdes se belange balanseer wanneer daar beleggingsbesluite geneem word.[147]

Die twee hoofeienskappe van enige belegging is risiko en opbrengs, wat omgekeerd direk aan mekaar verbind is. Hoe groter die risiko van verlies is, hoe groter is die persentasie van opbrengs op kapitaal. Tradisioneel is veiligheid en lae-risiko beleggings verkieslik bo hoë opbrengste. Trustaktes bemagtig self die trustees om meer riskante beleggings te maak. Histories is beleggingsklousules in trustaktes baie beperkend geïnterpreteer, maar deesdae word die gewone betekenis daaraan geheg. As daar geen uitdruklike beleggingsklousule in die trustakte is nie, reël die *Trustee Act* die trustee se beleggingsbevoegdheid.[148]

**Artikel 3** van die *Trustee Act* voorsien 'n algemene beleggingsbevoegdheid waaronder 'n trustee enige belegging kan maak wat hy sou kon maak indien hy absoluut geregtig was op die trustbates. Dit wil sê hy mag enige belegging maak wat hy kan maak indien die fondse sy eie was.[149]

**Artikel 8** verleen aan die trustee die bevoegdheid om grond te bekom, al word die grond nie gebruik om 'n inkomste te genereer nie, maar vir

147 Trust relationship GOOGLE www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law 23/03/2004.
148 Trust relationship GOOGLE www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law 23/03/2004.
149 A3(1) lui soos volg: " ...a trustee may make any kind of investment that he could make if he were absolutely entitled to the assets of the trust. "

behuisingsdoeleindes vir die begunstigdes. Histories was trustees verhoed om behuising vir die begunstigdes aan te skaf.[150]

**Artikel 1** maak voorsiening vir 'n algemene sorgsaamheidsplig van toepassing op trustees met die uitoefening van enige beleggingsbevoegdheid onderworpe aan die trustakte of statutêr.[151]

**Artikel 4** vereis van die trustee in die beoefening van enige beleggingsbevoegdheid om die "standaard beleggingskriteria" in aanmerking te neem, naamlik die geskiktheid van en die behoefte aan diversiteit van die trustbelegging. Alvorens die belegging gemaak word, moet die risiko's van die betrokke belegging teen dié van ander beleggings opgeweeg word. Deur te belê in verskillende beleggings kan die newe-effekte van inflasie teëgewerk word. Die moderne sorgsame belegger moet beoordeel word op grond van die geheel van sy beleggings en nie op individuele beleggings nie.[152]

---

150 A8 lui soos volg:
(1) A trustee may acquire freehold of leasehold land in the United Kingdom-
(a) as an investment,
(b) for occupation by a beneficiary, or
(c) for any other reason.
(3) For the purpose of exercising his functions as a trustee, a trustee who acquires land under this section has all the powers of an absolute owner in relation to the land.

151 A1 lui soos volg:
(1) Whenever the duty under this subsection applies to a trustee, he must exercise such care and skill as is reasonable in the circumstances, having regard in particular-
(a) to any special knowledge or experience that he has of holds himself out as having, and
(b) if he acts as trustee in the course of a business of profession, to any special knowledge or experience that it is reasonable to expect of a person acting in the course of that kind of business or profession.
(2) In this Act the duty under subsection (1) is called "the duty of care".

152 A4 lui soos volg:
(1) In exercising any power of investment,...a trustee must have regard to the standard investment criteria.
(2) A trustee must from time to time review the investments of the trust and consider whether, having regard to the standard investment criteria, they should be varied.
(3) The standard investment criteria, in relation to a trust, are-
(a) the suitability to the trust of investments of the same kind as any particular investment proposed to be made or retained and of that particular investment as an investment of that kind, and
(b) the need for diversification of investments of the trust, in so far as is appropriate to the circumstances of the trust.

**Artikel 5** vereis van die trustee om alvorens enige beleggingsbevoegdheid uitgeoefen word, advies van 'n persoon in te win en te oorweeg wat die trustee glo hom of haar van behoorlike advies kan voorsien as gevolg van sy of haar kundigheid en ondervinding in die trustbeleggings-gebied.[153] Met die hersiening van die trustbeleggings moet die trustee, tensy die uitsondering geld,[154] behoorlike advies inwin en oorweeg aan die hand van die "standaard beleggingskriteria"[155] of die beleggings gevarieër moet word of nie.[156] In sekere omstandighede is dit nie nodig om advies in te win nie, byvoorbeeld:

- waar die trustfondse baie min is (dit regverdig nie die aangaan van kostes vir advies nie);
- waar die trustees self oor die nodige kennis of ervaring beskik; of
- waar dit 'n korttermyn trust is (in so geval sal die trustee se beste opsie wees om die trustfondse in 'n bank te plaas).[157]

### *3.3 Sorgsaamheidsplig van die trustee*

Die *Trustee Act* voorsien die trustee met 'n wye beleggingsbevoegdheid, maar vereis terselfdertyd sorgsaamheid met die uitoefening van dié bevoegdheid. Die standaard van sorgsaamheid, wat van die trustee verlang word, kan nie in reëls uiteengesit word nie, maar moet beoordeel word teen dit wat as "redelike

---

153 A5(1) en (4) van die *Trustee Act.*

154 A5(3) van die *Trustee Act.*

155 A4 van die *Trustee Act.*

156 A5 van die *Trustee Act* lui soos volg:

(1) Before exercising any power of investment, ...a trustee must (unless the exception applies) obtain and consider proper advice about the way in which, having regard to the standard investment criteria, the power should be exercised.

(2) When reviewing the investments of the trust, a trustee must (unless the exception applies) obtain and consider proper advice about whether, having regard to the standard investment criteria, the investments should be varied.

(3) The exception is that a trustee need not obtain such advice if he reasonably concludes that in all the circumstances it is unnecessary or inappropiate to do so.

(4) Proper advice is the advice of a person who is reasonably believed by the trustee to be qualified to give it by his ability in and practical experience of financial and other matters relating to the proposed investment.

157 Trust relationship GOOGLE www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law 23/03/2004.

optrede" in die betrokke geval beskou word.[158] In *Cowen v Scargill*[159] is daar bevind dat die beste belange van die begunstigdes gewoonlik die beste finansiële belange van die begunstigdes is. Wanneer daar beleggingsbesluite geneem word, moet trustees hulle eie persoonlike belange opsy skuif. Dit mag gebeur dat trustees ferm gekant is teen 'n sekere belegging op grond van morele oortuigings, maar as sulke beleggings tot die finansiële voordeel van die begunstigdes strek, is die trustees verplig om daarin te belê.[160] Daar kan dus voorgehou word dat "sosiale" en "etiese" oortuigings van trustees nie 'n rol behoort te speel by beleggingsbesluite nie.[161]

### *3.4 Gevolgtrekking*

Die *Trustee Act* het die vorige posisie met betrekking tot die belegging van trustbates baie vereenvoudig. Eerstens voorsien die *Trustee Act* 'n besondere wye veld vir trustbeleggings in terme van die soorte beleggings, wat 'n trustee mag onderneem, maar beheer hierdie beleggingsbevoegdheid van die trustee deur die oplê van 'n algemene sorgsaamheidsplig, afhangende van die kundigheid van die trustee. Trustees word nie toegelaat om beleggings te kies in ooreenstemming met hulle etiese sienings en oorwegings nie.

---

158 Trust relationship GOOGLE www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law 23/03/2004. *Cowen v Scargill* 1985 Ch 270 en *Nestle v National Westminster Bank* 1994 1 All ER 118.

159 1985 Ch 270.

160 Die trustees mag byvoorbeeld gekant wees teen enige beleggings in Suid-Afrika of ander lande, of trustees kan gekant wees teen enige vorm van belegging in 'n maatskappy betrokke met alkohol, tabak of soortgelyke middele.

161 Trustee relationship GOOGLE www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law 23/03/2004.

HOOFSTUK 4

## Regsvergelyking tussen die Engelse- en Suid-Afrikaanse reg

Vervolgens word die regsposisie van trustees in die Engelse- en Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot trustbeleggings met mekaar vergelyk ten einde te bepaal of soortgelyke wetgewing, soos die Engelse *Trustee Act*, in Suid-Afrika ingestel behoort te word. Die funksies van die trustee met betrekking tot trustbeleggings in die Engelse reg word kortliks met dié van die Suid-Afrikaanse reg vergelyk, die bekendstelling van nuwe "wyer" bevoegdhede van belegging, magtiging van 'n trustee asook die verskaffing van sekuriteit, die afsondering van trustbates en die bekendstelling van nuwe delegasiebevoegdhede sal ook kortliks aandag geniet.

### *4.1 Sorgsaamheidsplig van trustees*

#### *4.1.1 Engelse posisie*

Artikel 1 van die *Trustee Act* skep 'n nuwe uniforme sorgsaamheidsplig wat leiding aan trustees met die uitvoering van hulle pligte onder die *Trustee Act* of die trustakte verskaf. Die plig om die nodige sorg aan die dag te lê is nie 'n nuwe konsep nie. Trustees was nog altyd aan die begunstigdes die nodige standaard van sorgsaamheid verskuldig wanneer daar met trustbates gehandel word. Dit is 'n integrale beginsel van die Engelse trustreg.[162]

Die *Trustee Act* skep egter 'n plig wat van toepassing is op alle funksies van die trustee, en nie net ten opsigte van beleggings nie. Hierdie eenvormigheid stel sekerheid en konsekwentheid daar met betrekking tot die standaard en gedrag wat van trustees verwag word in alle situasies.[163]

---

162 De Mink *De Rebus* 20.
163 De Mink *De Rebus* 20.

Die statutêre sorgsaamheidsplig is gebaseer op die basis dat daar 'n minimum standaard van sorgsaamheid verwag word van alle trustees wanneer trustbates belê word. Hierdie standaard wat as maatstaf dien is die "redelike trustee", soos uiteengesit in die *Trustee Act*[164] asook in die Engelse saak *Re Whiteley*[165] waar na die "gewone verstandige persoon" verwys word. Die *Trustee Act* verhoog die standaard van sorgsaamheid gebaseer op objektiewe en subjektiewe faktore wat gebruik word wanneer 'n trustee se aanspreeklikheid bepaal word.[166]

Die *Trustee Act* kyk objektief na die mate van kundigheid wat verlang word van 'n trustee in spesifieke besighede en professies. Dit hou tred met die Engelse gemenereg, wat 'n hoër standaard van sorgsaamheid verwag van diegene wat betrokke is in die administrasie van 'n trust.[167]

Dit is by hierdie punt wat die Engelse gemenereg en die *Trustee Act* van mekaar te onderskei is. Artikel 1(1)(a) van die *Trustee Act* gaan verder as die standaard van sorgsaamheid wat van 'n trustee verwag word en maak die spesifieke kennis of kundigheid waaroor die trustee beskik of volgens bewering oor beskik, relevant. Hierdie subjektiewe toets eis 'n hoër standaard van sorgsaamheid van kundige trustees, as wat daar van gewone trustees (soos familielede) verwag word en hierdie toets verskil van die gemeenregtelike toets van die "redelike trustee".[168]

Artikel 1(1) van die *Trustee Act* verwag van die trustee om die nodige sorgsaamheid en bekwaamheid uit te oefen as wat in die omstandighede verlang mag word. Dit hou dus verband met die konteks waarin die trustee optree aangesien dit die "omstandighede" van die trust is wat die bepalende faktor is in die vasstelling of die uitoefening van die trustee se sorgsaamheid en

---

164 A1(1).
165 1886 33 Ch D 347 355.
166 De Mink *De Rebus* 20.
167 *Bartlett v Barclays Bank Trust* 1980 Ch 515.
168 De Mink *De Rebus* 20.

bekwaamheid in die betrokke geval redelik was of nie. Die spesifieke feite van elke saak sal relevant wees en die aard, struktuur en doel van elke trust sal in ag geneem word om te bepaal of die optrede van die trustee redelike sorgsaamheid uitgeoefen het of nie.[169] Die inagneming van die aard, struktuur en doel van elke trust het ook die basis gevorm in die Suid-Afrikaanse saak *Administrators, Estate Richards v Nicol.*[170]

*4.1.2 Suid-Afrikaanse posisie*

Artikel 9(1) van die *Wet op Trustgoedere*[171] bevat breedweg dieselfde bewoording as artikel 1(1) van die *Trustee Act.* Artikel 9(1) bepaal dat 'n trustee by die nakoming van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid moet optree wat redelikerwys van 'n persoon wat die sake van 'n ander hanteer verwag kan word. Dit is 'n integrale beginsel van die trustreg dat trustees die nodige standaard van sorgsaamheid aan begunstigdes verskuldig is wanneer daar met trustbates gehandel word.[172]

Die hoofverskil tussen artikel 9(1) van die *Wet op Trustgoedere* en artikel 1(1) van die *Trustee Act* is dat die *Trustee Act* in artikel 1(1)(a) en (b) verdere bepalings bevat wat die posisie van 'n professionele trustee in meer besonderhede aanspreek met betrekking tot enige kundigheid of ervaring wat

169 De Mink *De Rebus* 20.

170 1999 1 SA 551 (HHA) 557H-I. Die Suid-Afrikaanse posisie word in paragraaf 4.1.2 hierna bespreek.

171 A9(1) van die *Wet op Trustgoedere* lui soos volg:
(1) 'n Trustee moet by die nakoming van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid optree wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat die sake van 'n ander hanteer.

172 De Mink *De Rebus* 20.

van 'n persoon in sy posisie verwag kan word.[173]

Verder bepaal artikel 9(2) van die *Wet op Trustgoedere* dat enige bepaling in 'n trustakte vir sover dit die uitwerking sou hê dat dit 'n trustee vrystel van aanspreeklikheid vir trustbreuk waar hy versuim het om die nodige standaard van sorgsaamheid, ywer en kundigheid te handhaaf soos in subartikel (1) vereis, nietig is.

*4.1.3 Bevinding*

Daar bestaan 'n aansienlike verskil tussen die Engelse posisie en die Suid-Afrikaanse posisie met betrekking tot die sorgsaamheidsplig van die trustee wanneer dit kom by trustbeleggings. Ingevolge die Engelse reg kan die sorgsaamheidsplig van die trustee uitdruklik in die trustakte uitgesluit word.[174] Die uitsluiting van die sorgsaamheidsplig van die trustee in die trust gee egter nie aanleiding tot enige problematiek in die Engelse reg nie, aangesien die gemeenregtelike verpligtinge met betrekking tot sorgsaamheid in die betrokke geval steeds toepassing vind. Een van die nadele van só 'n benadering is regsonsekerheid. Dit word aan die hand gedoen dat die Suid-Afrikaanse reg, waar die sorgsaamheidsplig van die trustee nie uitgesluit kan word nie, meer bevorderlik vir regsekerheid is.[175]

---

173 De Mink *De Rebus* 20. A1(1) van die *Trustee Act* lui soos volg:
Whenever the duty under this subsection applies to a trustee, he must exercise such care and skill as is reasonable in the circumstances, having regard in particular-
(c) to any special knowledge or experience that he has of holds himself out as having, and
(d) if he acts as trustee in the course of a business of profession, to any special knowledge or experience that it is reasonable to expect of a person acting in the course of that kind of business or profession.

174 A7 van skedule 1 van die *Trustee Act* lui soos volg: "The duty of care does not apply if or in so far as it appears from the trust instrument that the duty is not meant to apply."

175 De Mink *De Rebus* 20. Soos blyk uit a9(2) van die *Wet op Trustgoedere* is enige bepaling wat die trustee van aanspreeklikheid vrywaar, nietig.

### *4.2 Nuwe "wyer" beleggingsbevoegdhede*

#### *4.2.1 Engelse posisie*

Die *Trustee Act* skep 'n nuwe veld vir trustbeleggings. Dit verwyder kategoriese beperkings ten gunste van die algemene bevoegdheid van belegging, terwyl dit die sorgsaamheidsplig van die trustee as 'n essentiële kenmerk behou.[176]

Die bekendstelling van die nuwe "wyer" beleggingsbevoegdhede van die trustee ten opsigte van trustbeleggings is die belangrikste verandering wat deur die *Trustee Act* teweeggebring is. In plaas van die kategorieë van voorgeskrewe beleggings soos in die herroepte *Trustee Investment Act*[177] gelys, verleen die *Trustee Act* 'n wyer algemene bevoegdheid aan trustees met betrekking tot die belegging van trustbates. Die *Trustee Act* stel trustees in staat om beleggings te maak asof hulle absoluut geregtig is op die bates van die trust.[178]

Die uiteenlopende bevoegdhede, wat verleen word, word egter deur artikel 4 beperk deur sekere " standaard beleggingskriteria" daar te stel. Artikel 4 vereis van die trustee om die geskiktheid van die beleggings, sowel as die behoefte aan diversiteit met betrekking tot verskillende beleggings, te oorweeg en maak ook voorsiening vir 'n hersieningskomponent.[179]

Verdere veiligheidsmeganismes word verskaf deur artikel 5. 'n Trustee is verplig om deskundige advies te bekom tensy dit onredelik of ongepas is om só te doen.[180] Die algemene beleggingsbevoegdheid van die trustee kan beperk word deur die trustakte en enige uitoefening van dié bevoegdheid is onderworpe aan

---

176 De Mink *De Rebus* 21.
177 1961.
178 De Mink *De Rebus* 21. A3(1) van die *Trustee Act*.
179 De Mink *De Rebus* 21. A4(2) van die *Trustee Act* lui soos volg: "A trustee must from time to time review the investments of the trust and consider whether, having regard to the standard investment criteria, they should be varied."
180 Sien bladsy 28 voetnoot 126.

die statutêre sorgsaamheidsplig soos opgelê deur artikel 1 van die *Trustee Act*.[181]

*4.2.2 Suid-Afrikaanse posisie*

Die Suid-Afrikaanse trustreg beskik nie tans oor die "wyer" beleggingsbevoegdheid van Engelse trustees nie. Die beleggingsbevoegdheid van die Suid-Afrikaanse trustee is steeds onderworpe aan kategoriese beperkings.[182] Soos reeds genoem handhaaf Suid-Afrika 'n konserwatiewe benadering met betrekking tot die belegging van trustbates.[183] Alhoewel daar in die toonaangewende saak, *Administrators, Estate Richards v Nicol*,[184] weggebreek is van die konserwatiewe benadering met betrekking tot trustbeleggings, is daar nie soortgelyke wetgewing soos in die Engelse reg, wat aan die trustee 'n wyer beleggingsbevoegdheid, asook riglyne met betrekking tot die belegging van trustbates, verleen nie.

*4.2.3 Bevinding*

Die Suid-Afrikaanse trustreg kan baat vind by soortgelyke wetgewing wat wyer beleggingsbevoegdhede en riglyne ten opsigte van trustbeleggings aan trustees verleen. Om te verhoed dat wyer beleggingsbevoegdhede deur trustees misbruik word, kan sekere beleggingskriteria daar gestel word, soos in die Engelse reg,[185] wat as 'n beperkende maatstaf dien.

---

181 De Mink *De Rebus* 21.
182 Byvoorbeeld soos die kategorieë van voorgeskrewe beleggings wat behels dat die trustee nie die trustbates in enige riskante belegging kan belê nie.
183 Sien paragraaf 2.2.
184 1999 1 SA 551 (HHA).
185 A4 van die *Trustee Act*.

### *4.3 Magtiging van 'n trustee en die verskaffing van sekuriteit*

#### *4.3.1 Engelse posisie*

In die Engelse reg word die oprigter se bedoeling met betrekking tot die aanstelling van trustees asook die verskaffing van sekuriteit nie bevraagteken nie. Dit word aanvaar dat die oprigter oor die reg beskik om 'n trustee van sy keuse aan te stel en verder om te kies dat hy nie sekuriteit hoef te verskaf nie.[186]

#### *4.3.2 Suid-Afrikaanse posisie*

Alhoewel trustees in die Suid-Afrikaanse reg in die trustakte of op enige ander manier aangewys kan word, bepaal die *Wet op Trustgoedere* dat 'n trustee nie in sy amptelike hoedanigheid as trustee mag optree sonder die skriftelike magtiging van die Meester nie. Die *Wet op Trustgoedere*[187] en die gemenereg bepaal verder dat 'n trustee sekuriteit moet verskaf, tensy hy daarvan vrygestel word deur die Meester, die trustakte of 'n hofbevel. Die Meester beskik egter oor 'n wye diskresie en kan sekuriteit vereis, al word dit nie in die trustakte verlang nie.[188]

#### *4.3.3 Bevinding*

Dit word aan die hand gedoen dat die Engelse posisie met betrekking tot die verskaffing van sekuriteit te verkose is. Die oprigter van die trust kan sekuriteit vereis indien hy dit nodig ag. Die vereiste van sekuriteit is 'n ongeregverdigde beperking op die oprigter se vryheid en plaas 'n las op die oprigter en dit beskik selde oor enige praktiese doel.[189]

---

186 De Mink *De Rebus* 21.
187 A6(2) en (3).
188 Pace *Trusts* 521.
189 De Mink *De Rebus* 21.

## *4.4 Afsondering van trustbates*

### *4.4.1 Agtergrond*

Die trustee van 'n trust word eienaar van die trustbates in 'n amptelike hoedanigheid en nie in 'n persoonlike hoedanigheid nie. Die trustbates vorm nie deel van die trustee se persoonlike boedel nie.[190] By die gebruik en vervreemding van trustbates moet daar ooreenkomstig die trustakte en gepaste wetgewing opgetree word. Dit is die situasie in beide die Suid-Afrikaanse- en Engelse reg.[191]

### *4.4.2 Engelse posisie*

In die Engelse reg bestaan daar geen spesifieke bepaling wat van die trustees verlang om trustbates afsonderlik te hou nie, alhoewel daar wel 'n verpligting op 'n trustee is om rekenskap te gee oor watter bates aan die trust behoort. Hierdie houding is waarskynlik as gevolg van die feit dat die trustfiguur vir meer as 1000 jaar in Engeland gebruik is. Die trustees en die regering is gemaklik met die trust, terwyl dit 'n relatiewe nuwe figuur in Suid-Afrika is.

In die Engelse trustreg is die begunstigde se posisie met betrekking tot die trustee se private skuldeisers meer gunstig as in die Suid-Afrikaanse trustreg. Indien die trustee insolvent verklaar word, val die trustbates (wat afgesonder is) nie in sy insolvente boedel nie. Dit is die geval selfs waar die trustee die trustbates met sy private bates gemeng het.[192] In *Cock v Goodfellow*[193] het die trustee die trustbates gemeng met sy handelsware. Die hof het beslis dat die trustee se handelskrediteure nie die trustbates in die eksekusie-veiling mag

190 *Shahmahomed v Hendriks* 1920 AD 151.
191 De Mink *De Rebus* 21.
192 Cameron *Honoré's* 27.
193 1722 10 Mod 489.

verkoop nie. Dit is duidelik dat die Engelse trustreg die begunstigde bevoordeel tot nadeel van die trustee se skuldeisers.[194]

In die Engelse trustreg kan die trustee se skuldeisers nie beslag lê op die bates wat deur die trustee as sekuriteit oor die trustbates verskaf is nie. Die begunstigde word nie geaffekteer deur die trustee se persoonlike skulde nie.[195]

*4.4.3 Suid-Afrikaanse posisie*

In die Suid-Afrikaanse reg bepaal die *Wet op Trustgoedere* dat trustfondse in 'n afsonderlike rekening gehou moet word[196] en dat trusteiendom, vir behoorlike identifikasie, as trusteiendom geregistreer moet word.[197] Trustbates moet nie met die trustee se persoonlike bates of met die bates van ander trusts of persone gemeng word nie.[198]

Die *Wet op Trustgoedere* stel nie 'n kriminele oortreding daar indien daar nie aan die betrokke wet se bepalings voldoen word nie, maar nie-nakoming van die trustee se sorgsaamheidsplig en die vermenging van trustbates met persoonlike bates van die trustee kan neerkom op trustbreuk. Die Meester beskik oor 'n

---

194 Cameron *Honoré's* 28.

195 Cameron *Honoré's* 28.

196 A10 van die *Wet op Trustgoedere* lui soos volg: "Wanneer iemand in sy hoedanigheid as trustee geld ontvang, moet hy daardie geld by 'n bankinstelling of bouvereniging in 'n afsonderlike trustrekening stort." Met die insolvensie van 'n trustee in sy persoonlike hoedanigheid val die trustbates nie in sy insolvente boedel nie, behalwe vir sover die trustee as begunstigde daarop geregtig is. Joubert *LAWSA* 312.

197 A11(1)(a) van die *Wet op Trustgoedere* lui soos volg: "...moet 'n trustee-
(a) in sy boekhouding die goed wat hy in sy hoedanigheid van trustee hou, duidelik aandui;
(b) trustgoed, wat toepaslik, op so 'n wyse registreer of geregistreer hou dat dit duidelik uit die registrasie blyk dat dit trustgoed is;".
Cameron *Honoré's* 294. In *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) 300F-G en 301B/C-D/E het die hof bevind dat die wyse waarop een van die trustees met die trustbates gehandel het, daartoe gelei het dat die trust as sy *alter ego* beskou is en as gevolg daarvan is die afsonderlike identiteit van die trust geïgnoreer en die trustbates in aanmerking geneem vir 'n herverdelingsbevel.

198 Pace *Trusts* 522.

statutêre bevoegdheid om 'n trustee te verplig om sy verpligtinge ingevolge die *Wet op Trustgoedere* na te kom.[199]

Alhoewel 'n trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie, bestaan daar wel 'n trustboedel wat afsonderlik gehou moet word van die trustee se persoonlike boedel.[200]
Die regsposisie met betrekking die vraag, wat moet gebeur wanneer 'n trustee trustbates met sy persoonlike bates meng, is tans onseker.[201]

*4.4.4 Bevinding*

Die Suid-Afrikaanse posisie met betrekking tot die beskerming van die trustbates verskil nie baie van die Engelse posisie nie. Nieteenstaande die feit dat die trustbegunstigde beter beskerming geniet in die geval van insolvensie van die trustee in die Engelse reg, stel die Suid-Afrikaanse trustregbepalings 'n effektiewe en praktiese metode van bestuur van trustbates daar, wat nuttig is vir die onervare trustee in enige jurisdiksie.[202]

199 Cameron *Honoré's* 295.
200 Joubert *LAWSA* 324. Cameron *Honoré's* 295. A12 van die *Wet op Trustgoedere* lui soos volg: "Trustgoed vorm nie deel van die trustee se persoonlike boedel nie behalwe vir sover hy as trustbevoordeelde op die trustgoed geregtig is." *Braun v Blann en Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859H. *Magnum Financial Holdings v Summerly NO* 1984 1 SA 160 (W).
201 Cameron *Honoré's* 28.
202 De Mink *De Rebus* 21.

### *4.5 Nuwe magte van delegasie*

#### *4.5.1 Engelse posisie*

Trustees van beide liefdadigheids- en nie-liefdadigheidstrusts is ingevolge die Engelse reg bevoeg om die uitoefening van hulle "delegeerbare funksies" aan derdes te delegeer.[203]

In die geval van 'n nie-liefdadigheidstrust behels die "delegeerbare funksies" meestal administratiewe bevoegdhede. 'n Groot verandering van die konserwatiewe benadering is dat trustees hulle diskresie, met betrekking tot watter tipes beleggings gemaak moet word, kan delegeer.[204]

Die trustees kan hulle funksies aan enige persoon delegeer, mits die betrokke persoon nie 'n begunstigde van die trust is nie. Agente is onderworpe aan spesifieke verpligtinge en beperkings verbonde aan die funksie wat aan hulle gedelegeer is.[205] Daar kan as voorbeeld genoem word dat 'n persoon wat ingevolge artikel 11 van die *Trustee Act* gemagtig is om 'n algemene beleggingsbevoegdheid uit te oefen, onderworpe is aan die verpligtinge gestel deur die "standaard beleggingskriteria" soos in artikel 4 van die *Trustee Act* vervat.[206]

---

203 A11(1) van die *Trustee Act* lui soos volg: "...the trustees of a trust may authorise any person to exercise any or all of their delegable functions as their agent."

204 De Mink *De Rebus* 21.

205 A13(1) van die *Trustee Act* lui soos volg: "...a person who is authorised under section 11 to exercise a function is (whatever the terms of the agency) subject to any spesific duties or restrictions attached to the function."

206 De Mink *De Rebus* 21. Sien paragraaf 3.2.

*4.5.2 Suid-Afrikaanse posisie*

Die *Wet op Trustgoedere* maak nie voorsiening vir die delegering van die trustee se beleggingsbevoegdhede of enige ander bevoegdhede nie en dit word aanvaar dat trustees verplig is om self hulle bevoegdhede uit te oefen.[207]

*4.5.3 Bevinding*

Die Engelse posisie is te verkies waar die trustee sekere funksies aan derdes kan delegeer. Slegs "delegeerbare funksies" kan gedelegeer word en is onderworpe aan artikel 4 van die *Trustee Act* se "standaard beleggingskriteria". Die delegering van funksies aan derdes dien as 'n hulpmiddel deurdat sekere beleggingsbevoegdhede aan deskundige persone gedelegeer kan word wat tot die begunstigdes se voordeel sal wees.

207 *Wet op Trustgoedere.*

HOOFSTUK 5

## Gevolgtrekking en aanbevelings

Ten einde trustfondse toe te laat om beheer te word in die beste finansiële belang van die begunstigdes, moet die benadering tot trustbeleggings in ooreenstemming wees met die veranderinge in strategieë en markkragte.[208]

Hierdie siening word sterk gesteun deur juridiese ontwikkelinge in ander gebiede van kommersiële reg en die Engelse *Trustee Act*. Ingevolge die Engelse reg word trustees gemagtig om enige bate, wat tans deur die finansiële gemeenskap aanvaar word vir beleggingsdoeleindes, te koop in die uitoefening van hulle beleggingsfunksies. Vervolgens sluit Engelse trustbeleggings bates gekoop vir, onder andere, inkomste doeleindes en kapitaal vermeerdering in. Hierdie lys is egter nie uitgeput nie en daar word voorsien dat beleggingsmoontlikhede aanhoudend sal ontwikkel.[209]

Die waarde van die *Trustee Act* kan as volg opgesom word:

- dit voorsien die trustees van 'n behoorlike begrip van hulle verpligtinge, veral ten opsigte van die belegging van trustbates;
- met sy sorgsaamheidsplig sal dit oor-spekulatiewe beleggings inkort, terwyl daar gelyktydig vir "standaard beleggingskriteria" voorsiening gemaak word om 'n positiewe benadering ten opsigte van die groei van trustbates te kweek; en
- dit sal verseker dat die trustreg tred hou met internasionale fiskale beginsels en neigings.[210]

Die *Trustee Act* maak dit moontlik vir trustees om die omvang van hulle verpligtinge beter te verstaan, veral in die gebied van trustbeleggings. 'n Beter

208 De Mink *De Rebus* 22.
209 De Mink *De Rebus* 22.
210 De Mink *De Rebus* 22.

begrip omtrent die trustees se beleggingsbevoegdhede verseker dat hulle die vryheid sal geniet om winsgewende beleggingstrategieë na te jaag in ooreenstemming met die beste praktyk, sonder enige arbitrêre beperkings en met die sekerheid dat hulle ten volle ondersteun word deur die reg.[211]

Die vraag kan gevra word of die trust nog enige nut as 'n boedelbeplanningsinstrument in Suid-Afrika het, veral na aanleiding van die streng beperkings wat op die beleggingsbevoegdheid van trustees geplaas word. Alhoewel trusts belas word teen 'n koers van 40%, bly die trust die mees effektiewe instrument tot belastingvermyding. Daar is tans 'n groot styging in die waarde van eiendomspryse. Alle eiendom met stygende waarde en wat die boedelbeplanner wil hê in sy familie moet bly kan in 'n trust geplaas word. Trusts kan 'n bestaan van 1000 jaar of meer gegee word. Eiendomme, soos vakansiehuise, kan in trusts geplaas word, om sodoende nooit aan boedelbelasting en skenkingsbelasting onderworpe te wees nie.[212] As die bate in 'n boedel gehou word, sal daar boedelbelasting op die bate betaal moet word, waar as die bate egter in 'n trust gehou word, sal daar met die dood van die boedelbeplanner geen belasting deur die trust betaal word nie.[213]

Alhoewel die Suid-Afrikaanse trustreg in sommige aspekte[214] meer sekerheid verskaf as die Engelse trustreg, voorsien die Suid-Afrikaanse trustreg nie altyd voldoende riglyne vir trustees met betrekking tot trustbeleggings nie. Die Suid-Afrikaanse trustreg kan baat vind by soortgelyke hersiening wat aanleiding gegee het tot die veranderinge in die Engelse trustreg.[215]

---

211 De Mink *De Rebus* 22.
212 Om 'n voorbeeld te noem sal eiendom ter waarde van R1 miljoen oor 10jaar 5 keer soveel werd wees as gevolg van die styging in eiendomspryse.
213 Duncan *De Rebus* 33.
214 Veral ten aansien van die afsondering van trustbates van die trustee se persoonlike boedel (A12 van die *Wet op Trustgoedere*).
215 De Mink *De Rebus* 22.

HOOFSTUK 6

# Bibliografie

## Handboeke en tydskrifartikels


C

Cameron *Honoré's*

Cameron E *et al Honoré's South African Law of Trusts* 5de uitgawe (Juta Kaapstad 2002)

Cronje en Roos *Gevorderede Erfreg*

Cronje DSP en Roos A *Gevorderde Erfreg* Studiegids vir LPL406 D/1 (UNISA Pretoria) 87-161

D

De Mink *Trustee Investments*

De Mink J "The stormy waters of trustee investment" Januarie/Februarie 2004 *De Rebus* 18-22

De Waal *Anomalieë*

De Waal MJ "Anomalieë in die Suid-Afrikaanse Trustreg" in Wiechers NJ en Roos A (red) *Trusts* (UNISA Pretoria 1993) 16-31

Duncan *Hidden Assets*

Duncan A "Hidden Assets" Julie 2004 *De Rebus* 30-33

**J**

Joubert *LAWSA*

Joubert WA *The Law of South Africa* Volume 31 (Butterworths Durban 2001)

**P**

Pace *Trusts*

Pace RP "Trusts and Trustees" in Human S and Boshoff (eds) A *Butterworths Forms and Precedents Estates* (Butterworths Durban 1996) 509-529

**V**

Van der Westhuizen "Trusts"

Van der Westhuizen WM "Trusts: 'n Herevaluering as Boedelbeplanningsinstrument" (Ongepubliseerde verslag gelewer te Universiteit van die Vrystaat Fakulteit Regsgeleerdheid 11 Oktober 2001 Bloemfontein) 41-43

**Internet**

House of Lords 2000 Trustee Bill Explanatory Notes [Op die Internet gevind] GOOGLE **http://www.parliament.the-stationary-office.co.uk** [23/03/2004]

Drew S 2002 Investments after the Trustee Act 2000 [Op die Internet gevind] GOOGLE **http://sharingpensions.co.uk/legislation5.htm** [23/03/2004]

The trust relationship [Op die Internet gevind] GOOGLE **www.londonexternal.ac.uk/studentarea/laws/law** [23/03/2004]

Stewardship Services 2002 Trustee Act 2000 – Notes [Op die Internet gevind] GOOGLE **www.stewardshipservices.org** [23/03/2004]

Bowen D 2002 The Trustee Act 2000 [Op die Internet gevind] GOOGLE **bowend@agnshipleys.com** [23/03/2004]

**Hofsake**

Suid-Afrika:

*Administrators, Estate Richards v Nicol* 1999 1 SA 551 (HHA)
*Atkins v Atkins* 1963 2 SA 291 (W)
*Balcomb v Estate Balcomb* 1937 NPD 289
*Barclays Bank DCO NO v Registrar of Deeds, Natal* 1968 2 SA 179 (D)
*Black v Black's Executor* 1904 21 SC 555
*Boyce NO v Bloem* 1960 3 SA 855 (T)
*Bradfield v Bradfield's Executors* 1914 CPD 147
*Braun v Blann* 1984 2 SA 850 (A)
*CIR v Friedman NO* 1993 1 SA 353 (A)
*Colonial Banking & Trust v Estate Hughes* 1932 AD 1
*Doyle v Doyle* 1999 2 SA 805 (K)
*Estate Kemp v MacDonald's Trustee* 1915 AD 491
*Ex parte Barclays National Bank* 1972 4 SA 667 (N)
*Ex parte Baumann NO* 1982 2 SA 239 (D)
*Ex parte Bennet NO* 1969 3 SA 598 (N)
*Ex parte Estate Hiddingh* 1935 OPD 92
*Ex parte Ewing NO* 1995 4 SA 101 (D)
*Ex parte Knight* 1946 CPD 800
*Ex parte Mather NO* 1971 3 SA 381 (D)
*Ex parte Milton* 1959 3 SA 426 (K)
*Ex parte Wittenberg Trust* 1940 CPD 644
*Ex parte Scott Brown NO* 1940 TPD 51
*Ex parte Sidelsky* 1983 4 SA 598 (K)
*Hiddingh v Denyssen* 1885 3 SC 424 441
*Hiddingh v De Villiers* 1887 5 SC 298 pc 308
*Hoppen v Shub* 1987 3 SA 201 (K)
*Jonsson v Estate Jonsson* 1945 NPD 66

*Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K)

*MacKenzie v Basha* 1950 1 SA 615 (N)

*Magnum Financial Holdings v Summerly NO* 1984 1 SA 160 (W)

*McCullogh v Fernwood Estate Ltd* 1920 AD 204

*Peffers NO v Attorneys, Notaries and Conveyancers Fidelity Guarantee Fund Board of Control* 1965 2 SA 53 (K)

*Robertson v Robertson's Executors* 1914 AD 503

*SA Association NO v Hoffmann* 1913 AD 377

*Sackville-West v Nourse* 1925 AD 516

*Shahmahomed v Hendriks* 1920 AD 151

*Tek Corporation Provident Fund v Lorentz* 1999 4 SA 884 (HHA)

*The Master v Edgecombe's Executors* 1910 TS 263

*Tijmstra v Tijmstra* 2002 1 SA 459 (T)

*Wilz v Gouws NO* 1961 4 SA 222 (T)

Engeland:

*Adze v Feuitteteau* 1783 1 cox 24

*Bartlett v Barclays Bank Trust* 1980 Ch 515

*Cock v Goodfellow* 1722 10 Mod 489

*Cowen v Scargill* 1985 Ch 270

*Harries v The Church Commissioners for England* 1993 2 All ER 300

*Learoyd v Whiteley* 1887 12 AC 727

*Nestle v National Westminster Bank* 1994 1 All ER 118

*Re Whiteley* 1886 33 Ch D 347

**Wetgewing**

Suid-Afrika:

*Wet op Beskerming van Trustfondse* 34 van 1934
*Wet op Beheer oor Trustgoedere* 57 van 1988
*Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse)* 39 van 1984

Engeland:

*Trustee Act*, 2000

# A TRUSTEE'S DUTY OF CARE PERTAINING TO TRUST INVESTMENTS: A COMPARISON BETWEEN SOUTH AFRICAN AND ENGLISH LAW


## Summary

It is settled law that the trustee of any trust is unequivocally charged with the duty to invest the assets of the trust. However, in South Africa in the past, this duty has been qualified, with avoidance of risk seen as the trustee's number one priority when investing. The legislature and the judiciary focused on providing safeguards for beneficiaries and trustees were to avoid all risk to the capital of the trust. This reflected the attitude of the 19th and first half of the 20th century when the value of money had remained steady over long periods and inflation was non-existent.

However, changes began to occur in world economics, such as the devaluing of currencies and progressive inflation. Despite these harsh economic realities, the courts continued for some considerable time to favour investment in interest-bearing securities.

Most of the time trustees erred on the side of caution, following the judiciary's lead. Unfortunately, as it will be pointed out, this meant that the trustees were blind to their primary task, which is and always has been, to do the best for the beneficiaries. Trustees will have to expose the assets to at least some risk in order to outperform inflation, as the traditional investments are no longer suitable. This change in investment thinking was confirmed in South Africa in *Administrators, Estate Richards v Nicol and Another* 1999 1 SA 551 (SCA).

Every trustee is, therefore, faced with a dilemma when engaging in investment decision making. He or she is under a duty to invest with the minimum of risk and also to balance the interests of competing beneficiaries. The trustee is under a duty to balance the risk against the rewards, always bearing in mind that he or she must "preserve the trust fund rather than overtly seek its advancement".

Any exercise of the duty to invest will be limited by the provisions contained in the trust instrument as well as those provided for by statute, particularly the duty of care.

Change occured in English Trust Law with the introduction of the *Trustee Act*, 2000. The *Trustee Act* removes the constraints of the previous legislation and imposes positive obligations on trustees in their place, which reflect the reality of modern investment practices. Under section 1 of the *Trustee Act* a new uniform duty of care is created to guide trustees when performing their functions under the Act or a trust instrument. This uniformity is aimed at providing certainty and consistency in respect of the standard of competence and behaviour expected of trustees in all situations. The statutory duty of care is founded on the premise that there is a baseline standard of care expected of all trustees when investing trust assets. This standard is that of the "reasonable trustee", as referred to in section 1(1) of the *Trustee Act*.

The law in South Africa does not provide sufficient guidance for trustees, particularly in the area of trustee investment. It could certainly benefit from the sort of review that led to the changes in the English law.

- Sorgsaamheidsplig
- Trustee
- Trustbeleggings
- Trustbates
- *Wet op Beheer oor Trustgoedere* 57 van 1988
- *Trustee Act*, 2000